
LEWENDE WATERS · LIVING WATERS

# Lewende Waters Gemeente

# Groei in Christus!




# Insig in die Bouplan! B1.

# Herbou Sy Huis!

# KEN GOD

# INSIG IN DIE BOUPLAN (B1)

## 1. Die Verlossingsplan van God:

In **Gen. 3:15** het God gesê dat **Hy vyandskap sal stel** tussen Satan en die nageslag van die vrou en "HY" (verwysende na 'n Verlosser wat uit die vrou gebore sal word) sal kom om die oorwinning wat Satan oor Adam behaal het, geheel en al te vernietig. Reg van die begin van die skeppingsverhaal af sien ons dat daar net EEN PERSOON kan wees wat ons verlies aan heerskappy kan herstel - en dit is die "Verlosser-Kind" van **Gen. 3:15** wat deur 'n bonatuurlike geboorte uit 'n vrou in die wêreld sou inkom.

**Dit bring ons by 'n vraag:**

*Wat presies is God se plan met die NAGESLAG van die vrou waarna hierdie skrif verwys en wat word bedoel met die woorde: "Hý sal jou die kop vermorsel?"*

## 2. 'n Verlosser deur 'n maagdelike geboorte:

In **Rom. 5:12** sê Paulus: ***"Daarom, soos deur een mens*** (Adam) ***die SONDE in die wêreld INGEKOM het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het…."*** Uit hierdie woorde leer ons dat Adam die volle impak van die sonde en die dood in die wêreld ingebring het en dat die sonde 'n houvas gekry het op alle mense. Paulus lê die blaam van hierdie verlore toestand voor die deur van Adam en nie voor die deur van Eva nie, omdat Adam die eerste mens was en die een aan wie

God in **Gen.1:26** beveel het, om oor die hele aarde te heers **(Lees Gen. 2:4-23)**.

Adam se opdrag was om oor God se skepping te heers en alles wat op die aarde was aan God se wil en weë te onderwerp. Die woord “heers” kom in verskeie Engelse Bybels voor as "dominion", wat 'n koninklike status behels. Die eerste mens en sy vrou het dus *koninklike gesag* gehad. God wou deur hulle Sy onsigbare hemelse heerskappy na die aarde uitbrei en daarom het Hy aan die eerste mens die nodige gesag daarvoor gegee. In **Gen. 3:1** staan geskryf: ***"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit <u>ook so dat God</u> <u>gesê het</u>: Julle mag nie eet van AL DIE BOME van die tuin nie?"*** Met hierdie woorde poog Satan om die goedheid van God onder verdenking te bring.

Satan mislei Eva <u>met die motief</u> om Adam so ver te kry om aan hom onderdanig te word, sodat hy GESAG KAN BEKOM om die heerskappy van die aarde oor te neem. En die oomblik toe <u>*Adam*</u> van die vrug eet; ***"..gaan altwee se oë oop.."*** en het die teenwoordigheid van sonde in hul lewens, hulle nakend voor God gestel. Adam onderwerp die hele aarde, waaroor hy moes heers, aan Satan se outoriteit, deurdat hy die gesag wat God aan hom toevertrou het, aan Satan oorgee.

Die taak van die "Verlosser-Seun " wat uit die vrou gebore sou word, was primêr **om die sonde** wat tot alle mense deurgedring het, te vernietig en die dood te ontbind. Verder moes Hy die gevalle mens se verhouding met God herstel deur Sy VERSOENINGSOFFER op die kruis en sodoende die mens weer te Heilig, sodat God se Heilige Gees na die mens kon terugkeer. Dit sou Hy doen deur Satan van sy

gesag te ontneem en sy bose werke te ontbind, om sodoende die GESAG wat Adam oorgegee het, weer terug te kry en nou weer tot ons beskikking is as mens

Hierdie Verlosser-Seun wat sou kom, sou dit slegs kon doen deur te heers oor die sonde en al Satan se bose werke. Paulus verduidelik dit só in **Rom. 5:18-19:** ***"Daarom dan, net soos dit deur <u>een misdaad</u>*** (Adam se aanvanklike sonde) ***vir alle mense*** (vanaf skepping tot hede) ***tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur <u>een daad</u> van GEREGTIGHEID*** (Kruisdood en opstanding van Jesus) ***vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ONGEHOORSAAMHEID van die EEN MENS*** (Adam) ***baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die GEHOORSAAMHEID van die ÉÉN*** (Die Verlosser wat sou kom - Jesus Christus) ***baie tot regverdiges gestel word."*** Hierdie Verlosser waarna God in **Gen. 3:15** verwys, moes die heerskappy wat Adam verloor het, in ere kom herstel.

Dit is duidelik dat die sonde deur die eerste mens ingebring is en dat dit daarom slegs deur ***"'n Mens"*** weggeneem sal kan word. God kon Satan met die asem van Sy mond uitgedelg het, maar omdat Hy nie teen Sy eie Woord (**Gen. 1:26)** kan optree nie, was dit nie 'n opsie nie. Sy aanvanklike opdrag was dat *dié mens* as koning van die aarde moes heers, wat by implikasie beteken dat enige ander vorm van heerskappy in God se opdrag uitsluit is. Hieruit is dit duidelik dat God Sy gesag met die mens deel om oor die aarde te heers.

In **Deut. 18:15** sê God aan Moses dat hierdie Verlosser uit Israel sal kom: ***"'n Profeet uit jou midde*, *uit jou broers*** (uit Israel)**, *soos ek is*** (verwysende na Moses se verlossingstaak)**, *SAL die Here jou God vir jou verwek*** (voortbring - deur geboorte); ***na Hom moet julle***

***luister"***. **Vers 18** sê: ***"'n Profeet SAL EK vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en EK SAL MY WOORDE IN SY MOND lê, en Hy sal aan hulle sê ALLES wat Ek Hom beveel."*** Uit hierdie skrif sien ons dat God self verantwoordelikheid neem vir hierdie "spesiale geboorte" wat moet plaasvind. Die woord "verwek" in Hebreeus is "qûwm" wat letterlik beteken: "To Rise." God sê dus aan Moses dat Hy self 'n Verlosser uit Israel sal laat **"OPSTAAN"** in wie se mond Hy Sy Woord sal lê.

In **1Kor.15:45 en 47** gee Paulus vir ons 'n belangrike feit oor hierdie Verlosser wat sou kom: ***"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die eerste mens was uit die aarde aards, die TWEEDE MENS is die HERE uit die hemel."*** In die lig van **Jes. 14:10-15** en **Ese. 28:14-18,** sien ons dat Satan 'n Gerub was wat gedurende die tydperk voor die skepping van die aarde teen God gerebelleer het. Satan is dus 'n gevalle engel van wie Jesus in **Luk. 10:18** sê: ***"Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."***

In **Ope. 12:7-9** staan: ***"En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp."*** Reg van die begin van die Bybel af was Satan in 'n stryd teen God gewikkel. Ons sien dat God hom en sy volgelingengele uit die hemel uitgewerp het en dit het aanleiding gegee tot die haat in Satan teenoor God en Sy skepping. Dit is dus duidelik dat die mens net 'n middel tot sy doel was. Voor sy val uit die hemel wou hy God se eer vir homself toe-eien. En vandag is dit steeds sy doel om die voorwerp van aanbidding te wees.

In **Luk. 4:6** sê Satan vir Jesus: ***"...Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, WANT DIT*** (die mag en heerlikheid) ***is aan my OORGEGEE*** (deur Adam)***, en ek gee dit aan wie ek wil."*** As God dan sê dat Hy self vyandskap sal stel tussen Satan en die mens, bedoel God dat Hy self sy vyand *in die gestalte van 'n "vleeslike liggaam"* sal kom oorwin. Daarom sê Paulus in **1 Kor. 15:47,** dat hierdie "TWEEDE MENS die HERE uit die hemel is".

By implikasie beteken dit dat hierdie beloofde Verlosser deur menslike geboorte sal kom, maar dat die Gees in Hom, God se eie krag en Heilige Gees sal wees. Dit is hoekom Paulus in **1 Tim. 3:16** sê: ***"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: GOD IS GEOPENBAAR in die VLEES*** (in 'n menslike liggaam), ***is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid."*** Die Verlosser wat sou kom, sou niemand anders wees as God wat Homself in die gestalte van 'n mens kom openbaar nie. Paulus bevestig hierdie feit, dat God homself in vlees sal openbaar as die ***"verborgenheid van die Godsaligheid"* (1 Tim. 3:16).**

Die profeet Jesaja profeteer in **Jes. 7:14**: ***"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n SEUN baar*** (bonatuurlike geboorte) ***en Hom IMMÁNUEL noem."*** Ons sien dat God hierdie profesie letterlik vervul in Maria se lewe en daarom lees **Matt. 1:18-23** as volg: ***"Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe Sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei. Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun***

***van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat IN HAAR VERWEK IS, IS UIT DIE HEILIGE GEES; en sy sal 'n SEUN baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is HY wat Sy volk van HULLE SONDES SAL VERLOS. En dit alles het gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n SEUN baar, en hulle sal Hom EMMÁNUEL noem, dit is, as dit vertaal word: GOD MET ONS."*** Jesus Christus, ons Verlosser, is dus niemand anders nie as **"God met ons"** wat Sy Gees agter die voorhangsel van 'n menslike liggaam verberg het.

In ons moderne era word hierdie feit bevestig op baie maniere. Een van die interessante plekke is die fondasies van 'n Christen-kerk wat in Megiddo (Armageddon - Israel) deur die argeoloog, Yotam Tepper, opgegrawe is. Hierdie kerk dateer uit 230nC en bevat verskeie Griekse inskripsies waarvan die belangrikste een duidelik verwys na die Godheid van Christus. Een van die artikels m.b.t. hierdie inskripsies lees as volg: ***"They found an inscription that reads 'Jesus is God', which has left early-church historians in awe. The Megiddo mosaic, at 1,800 years old, has enraptured... experts because it is the earliest evidence ever found that the early Christians believed that Jesus Christ was God." (https://www.yahoo.com)***

In **Luk. 1:30-35** vind ons Lukas se weergawe van die aankondiging van Jesus se geboorte: ***"En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die SEUN VAN DIE ALLERHOOGSTE genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee, en Hy sal KONING wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy KONINKRYK*** (Heerskappy) ***sal daar geen einde wees nie. Toe sê***

***Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die HEILIGE WAT GEBORE word SEUN VAN GOD GE-NOEM WORD"***.

Met hierdie woorde is dit duidelik dat Jesus Christus in Sy menslike hoedanigheid die "SAAD" was waarna God in **Gen. 3:15** verwys het. Jesus is Emmánuel - met ander woorde: **"God met ons."** So versoen God die verlore wêreld met Homself deur Sy heerlikheid in die gestalte van 'n mens te openbaar. Paulus bevestig dit in **2 Kor. 5:17-19**: ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit ALLES is UIT GOD wat ons met HOMSELF VERSOEN HET deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat GOD IN CHRISTUS die wêreld met HOMSELF versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie..."***

## 3. Die Verborgenheid van die Godsaligheid:

Ons het reeds gesien dat Paulus die saligheidsplan van God 'n verborgenheid noem. Kom ons kyk weer na **1 Tim. 3:16,** (King James vertaling): ***"And without controversy*** (sonder enige teëspraak) ***great is the mystery of godliness*** (die evangelieskema)**:** ***God was manifest*** (het verskyn) ***in the flesh, justified in the Spirit, seen of angels, preached unto the Gentiles, believed on in the world, received up into glory."*** Met hierdie woorde sê die Bybel dat God se openbaring *in 'n menslike liggaam* sonder enige teëspraak 'n GROOT VERBORGENHEID is. Dit is verborge omdat dit God in Christus WAS WAT DIE WêRELD MET Homself versoen het **(2 Kor. 5:17)**. En dit is juis as gevolg van

hierdie VERBORGENHEID van God se VERLOSSINGSPLAN, dat die Jode gesukkel het om die Koningskap van Jesus oor Israel te aanvaar.

In verskeie gedeeltes van die Evangelie-boeke, blyk Jesus se identiteit 'n groot struikelblok vir die Jode te wees. Selfs die dissipels verwonder hulle oor Jesus se identiteit. In **Mark. 4:41** vra die Apostels die volgende vraag: ***"En ‘n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!*** Lukas verwys in **Luk. 8:25** na die volgende geleentheid toe die Apostels met mekaar geredeneer het oor wie Jesus was: ***"En Hy sê vir hulle: Waar is julle geloof? Maar hulle was bang en verwonderd en het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is!"***

Die feit dat Jesus oor alle situasies geheers het en elke demoon en krankheid voor Hom gevlug het, het verwarring gebring in die menslike gemoed. Vir die Fariseërs en skrifgeleerdes was Jesus 'n groot stuikelblok. Sy uitlatings dat Hy die Seun van die Mens en die Seun van God is het hulle baie omgekrap. In **Joh. 6:41-42** murmureer die Jode oor Jesus se identiteit: ***"Toe murmureer die Jode oor Hom, omdat Hy gesê het: Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het. En hulle sê: Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?"***

In **Matt. 16:13-19** vra Jesus aan Sy dissipels wat die mense oor Sy identiteit sê: ***"En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en***

***sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee..."*** Hier verklaar Jesus dat Petrus deur God geïnspireer was om te kon insien wie Jesus is.

Die kwessie rondom Jesus se identiteit en die verborgenheid daarvan lê opgesluit in die feit dat die basis van die Joodse geloofsbelydenis gesetel lê in die groot gebod. As mens navorsing doen op wat Judaisme is, dan beskryf die internet dit as volg: **"What is Judaism in simple words? Judaism is a monotheistic religion, believing in ONE GOD."** - *(https://encyclopedia. ushmm.org)* In alle gevalle is die Jode geleer dat daar net *Een God* (Monoteïsme) is. Hierdie aspek is so belangrik dat God dit die eerste gebod van die Tien Gebooie gemaak het. Die Afrikaans verklarende woordeboek beskryf die woord "monoteïsties" as volg: ***"'n aahanger van die geloof in EEN God."*** Die Encyclopaedic Dictionary beskryf dit as volg: ***"The doctrine that there is only one God."*** Die Jode het bo alle twyfel geglo dat daar net een God is, omdat God Homself van die begin af so aan hulle geopenbaar het.

In **Deut. 6:3-9** beveel God Moses om hierdie belangrike saak in die volk se harte in te skerp: ***"Hoor dan, Israel, en <u>onderhou dit</u> sorg-vuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die Here die God van jou vaders jou beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hoor, Israel, die Here onse God is 'n ENIGE HERE. Daarom moet jy die Here jou God liefhê*** (omdat daar geen ander God

naas Hom is nie) ***met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook MOET jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit MOET as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy MOET dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe".***

Uit die omvang van hierdie opdrag sien ons hoe belangrik dit vir God was dat Israel sou weet en verstaan dat daar net EEN God is, of soos die ou Hollandse Bybel God in hierdie teksgedeelte verklaar: **"Hoor, Israël! de HEERE, ONZE God, is <u>EEN ENIG HEERE</u>."** Die Afrikaanse ou vertaling (33/53) beskryf God as 'n **"Enige Here."** In Israel is hierdie belydenis die fondasie van hulle bestaan. Hulle geloofslewe het rondom dit gedraai. Hulle moes dit daagliks en oral waar hulle was in die harte van hulle kinders ingeskerp het. Dit was so belangrik dat hulle hierdie vers daagliks as 'n kopband tussen hulle oë gedra het wanneer hulle bid. Hulle het dit ook in 'n leertassie by die ingang van hulle huise gehang sodat almal kon sien dat hulle die EEN God van hemel en aarde aanbid.

Hierdie bewustheid m.b.t. die wese en die EENHEID van God was so in hulle ingeskerp, dat hulle geensins kon verstaan of insien dat die MENS Jesus wat by hulle gelewe het, hoegenaamd EMMANU-EL, GOD MET ONS, kon wees nie.

**LEES : Joh. 10:22-42**

In hierdie gedeelte maak Jesus die stelling in **Vers 30:** ***"Ek en die Vader is EEN."*** En op grond van hierdie stelling tel die Jode klippe op om Jesus te stenig. In **vers 32** vra Jesus hulle oor ***"Watter een van dié goeie werke"*** wil hulle Hom stenig? Hierop antwoord hulle in

**Vers 33:** ***"Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor GODSLASTERING, en omdat U WAT 'N MENS IS, Uself GOD maak."*** Alhoewel die Jode die Messias verwag het, was Jesus se Godheid vir hulle verborge omdat hulle 'n koning uit die geslag van Dawid verwag het wat sou kom om Israel op 'n wêreldse WYSE te verlos. Die ongelowige Jode kruisig Jesus omdat hulle nie Sy ware identiteit deur die bril van hulle geloofsoortuiging kon raaksien nie. Hulle ongeloof en onkunde aangaande die profesieë oor die Messias het hulle oë verblind.

In **1Kor. 1:23** sê Paulus: ***"Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke."*** In **1 Kor. 2:8** staan: ***"Wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie - want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie."*** Die Jode het Jesus uitgelewer om gekruisig te word omdat hulle nie geweet het wie Hy is nie. Ons moet egter verstaan dat hierdie **"verborgenheid van die godsaligheid"** wat die Jode ervaar het, vir ons as heidene uiters noodsaaklik was. Paulus sê in **Rom. 11:25:** ***"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding*** (van Jode teenoor Christus) ***ten dele oor Israel gekom het TOTDAT die volheid van die heidene ingegaan het."***

Hieruit sien ons dat Israel se verwerping van Christus, aan die heidense volke die geleentheid gegee het om ook deur geloof, kinders van God te word. In **Matt. 22:29** spreek Jesus Israel aan oor hulle ongeloof en gebrek aan kennis: ***"Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie"*** En in **Joh. 5:39** verwys Jesus spesifiek na hulle ongeloof oor die profesieë wat op Hom betrekking het: ***"Julle ondersoek die Skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en***

***dit is dié*** (Skrifte wat julle nie aanneem nie) ***wat van My getuig*."** Die feit dat Israel so ver van God deur ongeloof verwyder was en God se Woord (die Skrifte), nie bevredigend geken het nie, ontneem hulle van insig in die identiteit van Jesus.

- Die vraag is: ***<u>Na watter skrifte verwys Jesus hier?</u>***

In **Luk. 24:25-27** sê Jesus teenoor twee van Sy dissipels met verwysing na Israel se ongeloof: ***"En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin <u>van Moses en al die profete af</u> en vir hulle uitgelê <u>in al die Skrifte</u> die dinge wat op Hom betrekking het."*** By hierdie geleentheid gebruik Jesus die Skrifte in Moses se boeke (Pentateug) asook die boeke van die Profete om aan hulle te bewys wie Hy werklik is en wat Hy kom doen het.

In die 1933/53 Afr. Vertalings verwys hierdie skrif na die volgende skrifte in die verwysingskolom: Gen. 3:15; Gen. 22:18; Num. 21:9; Num. 24:17; Deut. 18:15; Jes. 7:14; Jes. 9:5; Jes. 40:10, 11; Jes. 50:6; Jes. 52:13-53:12; Jes. 61:1; Jes 63:1-6; Jer. 23:5, 6; Jer. 33:14-16; Ese. 34:23; Ese. 37:25; Dan. 9:24-27; Hos. 11:1; Miga 5:1, 2; Sag. 9:9; Sag. 11:13; Sag. 12:10; Sag.13:7; Mal. 3:1 en Mal. 4:2.

Jesus neem die Jode kwalik omdat daar so baie oor Hom geprofeteer was en hulle steeds nie kon verstaan <u>wie Hy is nie</u>. In **Jes.40:5, 9** staan: ***"En die <u>heerlikheid van die Here</u> sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die Here het dit gespreek. o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o, Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: <u>Hier is julle God</u>!"*** Hier sê God dat Hy Sy heerlikheid gaan

openbaar en dat alle vlees dit sal sien. En in **vers 9** sê Hy dat Sion die boodskap sal uitroep dat Hy wat gekom het, hulle God is. Vir die Jode is daar net Een God en dit is God die Almagtige. Jesaja profeteer verder in **vers 10:** ***"Kyk die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en Sy ARM SAL HEERS: kyk, sy loon is by Hom, en Sy beloning is voor Sy aangesig"***.

**Die woord "ARM" in die Hebreeus is "Zerowa" wat beteken:** *"help, mighty, power, strength."* Hier sê Jesaja dat God self sal kom en Sy sterkte, krag, mag, hulp sal heers. In **vers 11** sê hy: ***"Hy sal Sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arm vergader en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."*** Hierdie profesie is letterlik in Jesus vervul toe Hy die kinders ingeseën het (**Matt. 19:13-15**). In **Jes. 35:4-6** sê God verder: ***"Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; HY SELF*** (Wie?) ***sal kom en julle verlos. Dan sal*** (wanneer God self gekom het) ***die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis."*** Hierdie is dan ook die skrif waarna Jesus in **Luk. 7:22** verwys toe Johannes die Doper twee dissipels na Hom gestuur het om uit te vind of Hy die Ware Messias of Verlosser is: ***"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig"***.

Hiermee sê Jesus openlik dat **Jes. 35:4-6** in Hom tot vervulling gekom het. En as God in hierdie skrif sê: ***"Kyk, julle God kom..."*** en ***"Hy self sal kom…."***, dan kan Jesus Christus niemand anders wees

as God self nie. Dit is duidelik! Jesus Christus is niemand anders as God geopenbaar in die vlees nie. ***"En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar IN DIE VLEES, is geregverdig in die Gees…."*** (**1Tim. 3:16**). In **Jes. 43:9-11** staan: ***"...Dit is die waarheid! Júlle is My getuies, spreek die Here, en My KNEG*** (Jesus as mens) ***wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en INSIEN dat dit Ek is - voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar GEENEEN wees nie. Ek, Ek is die Here, en daar is GEEN HEILAND*** (Verlosser) ***BUITEN MY nie".***

God sê dat Hy nie net self sal kom om die vloek van die sonde te breek nie, maar dat daar ook geen ander Heiland buiten Hom is nie. Johannes bevestig dit in **Joh. 1:1-3 en 14:** ***"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die gin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid."*** Jesus Christus is die Woord wat vlees geword het en as Eniggebore Seun onder die mense kom woon het. Dit is betekenisvol dat Johannes sê: ***"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."*** Hier sien ons dat Jesus Christus ook die Skepper is. Paulus bevestig dit in **Rom. 11:36**: ***"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid"***.

In **Joh. 1:14** verwys Johannes na Jesus as die ***"Eniggeborene wat van die Vader kom."*** Dit dui daarop dat God Vader geword het van 'n Seun wat deur geboorte gekom het. Toe die Engel aan Maria verskyn het, het hy vir haar gesê dat die Heilige Gees van God oor

haar sal kom en dat sy deur die KRAG van die ALLERHOOGSTE oorskadu sal word, sodat die ***"…..Heilige wat gebore word, <u>Seun van God</u> genoem word."*** (**Luk. 1:35**). God het die Vader van Christus geword deur die Maagdelike geboorte. Daar was geen ander manier waarop God die belofte van **Gen. 3:15** kon vervul nie. Jesus was Seun van die mens omdat Hy deur Maria 'n liggaam ontvang het maar Jesus is ook Seun van God omdat Hy die Natuur (Beeld) van God self is. **Kol. 1:15** sê: ***"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping".***

Die Adam Clarke's kommentaar sê in sy notas oor **Hand. 13:33** die volgende**: *"U is My seun, vandag het Ek U genereer"***: *"Die menslike natuur van ons Here was gevorm in die baarmoeder van Maria nadat die Heilige Gees oor haar gekom het. Sover dit Sy Goddelike natuur aangaan, kon dit NIE GEBORE OF GESKAPE word nie, aangesien dit God is. Die leerstelling van die "Ewige" Seunskap van Christus is onversoenbaar met rede en is ook in stryd met dit self, want ewigheid is dit wat geen begin gehad het nie en is ook nie beperk tot tyd nie. "Seun" bring onmiddellik in gedagte: begin, tyd, vader, geboorte sowel as tyd wat die geboorte voorafgegaan het. Daarom is die samevoeging van hierdie twee woorde - "Seun” en "Ewige" - heeltemal onmoontlik want hulle stel albei twee teenoorgestelde en teenstrydige idees voor."* Adam Clark maak hierdie verklaring omdat daar algemeen onder Christene geglo word dat Jesus se Seunskap na 'n Seunskap verwys wat van Ewigheid af in die hemel is. M.a.w.: Jesus is die Seun van God <u>wat as Seun uit die hemel gestuur word</u>."

<u>'n Feit is</u>: Die stelling "Seun van God" kom nêrens in die Bybel voor behalwe waar dit verwys na die Here Jesus in Sy vleeslike hoedanigheid nie. Jesus kon slegs in Sy Goddelike en ewige natuur

aan die Skrifgeleerdes in **Joh. 8:58** sê: ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is EK."*** In die King James vertaling verwys die vertalers na **Exo. 3:14** om dit te verduidelik. In **Verse 11-14** staan: ***"Maar Moses het tot God gespreek: Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei? En Hy antwoord: Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien. Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle vra: Hoe is Sy naam? wat moet ek hulle antwoord? En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur."*** As Jesus sê: ***"Voordat Abraham was, IS EK..."*** dan veklaar Hy: "Ek is God van Ewigheid tot Ewigheid".

En dit is hoekom Johannes (**Joh. 1:3**) en Paulus (**Rom. 11:36**) kon sê: ***"Want uit Hom en DEUR HOM en tot Hom is alle dinge."*** As alles uit Jesus en deur Jesus is, beteken dit dat Hy ook Skepper van alles is en dit is dan ook die rede waarom Jesus in **Joh. 17:5** tot Sy Vader bid: ***"En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."*** In **Kol. 1:15** sê Paulus: ***"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele Skepping."*** As Paulus hier na die ***"Eersgeborene"*** verwys, bedoel dit nie dat Jesus voor die skepping "geskep" was nie, maar dat God in Sy alwetenheid en alomteenwoordigheid, voor die grondlegging van die wêreld geweet het dat die eerste Adam gaan sondig en dat Hy 'n "Tweede Adam" sal moet stuur. En omdat Hy alles vooruit geweet het, het Hy reeds Sy Verlossingsplan van **Gen. 3:15** gereed gehad, wat in Jesus Christus tot vervulling gekom het. Jesus, as Seun van die Mens, is dus die Eersgeborene van die hele skepping. Jesaja vat hierdie gedagte pragtig saam in **Jes. 9:5-6:**

***"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem:***

**a)** ***Wonderbaar,***

**b)** ***Raadsman,***

**c)** ***Sterke God,***

**d)** ***EWIGE VADER*** (Skepper van alles),

**e)** ***Vredevors*** **-**

***<u>tot vermeerdering van die heerskappy</u> en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en <u>oor Sy koninkryk</u>, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen."***

Jesus is nie net Seun van die mens en Seun van God nie, maar Hy is die Een wat wonderbaar handel; Hy is die enigste ware Raadsman; Hy is die Sterke God; Hy is Ewige Vader en Hy is Vredevors. Hy het gekom om die heerskappy terug te neem en **Mark. 16:19** sê: ***"Hy (is) opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God."*** Nadat Jesus alles volbring het waarvoor Hy gekom het, het Hy in die hemel opgevaar en gaan sit aan die regterhand (krag) van God.

Met die eerste oogopslag lyk dit of hierdie stelling die feit weerspreek dat daar net Een God in die hemel is. God se bouplan handel oor die feit dat daar net een Verlosser kan wees wat die val van Adam kan herstel en dit is Jesus Christus omdat Hy Emmanuel is, wat beteken: God met ons!

# NOTAS:

Geskryf Deur:

Henry Nel

Thyme Laan 120,

Annlin

Pretoria

0182

2024

Tel. 012-5251335

E-Pos: henrynel001@gmail.com

Kopiereg Voorbehou